**BASSON, JL:**
**JG STRIJDOM: Sy politieke loopbaan van 1929 tot 1948. Wonderboom-uitgewers, Pretoria, 1980. R20. 622 bladsye.**

Omdat hierdie werk oorspronklik as 'n doktorale proefskrif gedien het, moes dit tot 'n onderwerp hanteerbaar vir graaddoeleindes gereduseer word. Daarom is dit geen volledige biografie nie, en is in die werk heelwat besonderhede vervat wat dit vir skoolleerlinge 'n bietjie moeilik hanteerbaar maak. Die skryfstyl is ook nie so vloeiend soos Thom se biografie oor dr Malan nie. (Vgl. swak sinbou bv. op bladsye 31, 39 en 44).

Tog vul die twee werke mekaar baie goed aan en kan albei gesamentlik deur die onderwyser gebruik word om leerlinge 'n basiese oefening in selfstudie, formulering en historiese metode te gee. Wat sou leerlinge bv. sê is die ooreenkomste en verskille tussen Strijdom en Malan t.o.v. die republikeinse strewe en die kleurvraagstuk? Wat sê Thom en Basson onderskeidelik oor die verhouding tussen die twee?

Omdat Basson se werk so volledig is, is dit 'n uitstekende naslaanwerk om kleiner gegewens vas te stel. Die uitslae van verkiesings en die volledige besonderhede oor besture en organisasies is byvoorbeeld in die werk opgeneem.

Dit is jammer dat hierdie werk eintlik 'n onvoltooide studie is. Sonder 'n oorsig oor Strijdom se premierskap is dit baie moeilik om hom in juiste perspektief te plaas. Dit was een ding vir Strijdom om vuriglik vanuit die opposisiebanke "sterk" en "konsekwente" standpunte te verkondig. Dit is 'n ander ding om as Eerste Minister van jou land keuses te moet doen waar jou "sterk" optrede en jou "konsekwentheid" juis ernstige en nadelige gevolge, selfs opstand en geweld, tot gevolg kan hê. Die werklike toets vir leierskap is hoe jy belange en beginsels versoen, 'n ewewig handhaaf en verseker dat die vreedsame proses van die demokrasie nie versteur word nie. Daarom moet Basson se evaluering van Strijdom as 'n voorlopige en onvoltooide een beskou word.

**PH KAPP**